# Bybelvasvra: Pa's van die Bybel

## #Vraag 1:

Wie was die eerste Pa in die Bybel gewees?

**Antwoord:** Adam

## #Vraag 2:

- Wie was die oudste Pa in die Bybel gewees?
- Hoe oud was hy gewees toe sy seun gebore is? (Gen 21:5)

**Antwoord:** Abraham, hy was ‘n 100 jaar oud toe sy seun gebore is.

## #Vraag 3:

Watter Pa se seun het vir sy broers vertel dat hulle Pa kaal in sy tent lê? (Gen 10:21-22)

**Antwoord:** Noag se seun Gam.

## #Vraag 4:

- Watter Pa in die Bybel het ‘n tweeling seuns gehad? (Gen 25:20-24)
- Wat was hulle name gewees? (Gen 25:25-26)

**Antwoord:** Isak; sy twee seuns was Esau en Jakob gewees.

## #Vraag 5:

- Watter Pa het sy slaaf gestuur om vir sy seun ‘n vrou te soek? (Gen 24:2-4)
- Wie was sy seun gewees?

**Antwoord:** Abraham het vir sy seun Isak ‘n vrou laat soek deur sy slaaf.

## #Vraag 6:

- Watter Pa het vir sy seun klere met lang moue gemaak? (Gen 37:3)
- Wie was sy seun gewees?

**Antwoord:** Jakob vir sy seun Josef.

## #Vraag 7:

- Watter Pa se seun was die eerste moordenaar gewees? (Gen 4:8)
- Wie was die seun gewees, en wie het hy vermoor?

**Antwoord:** Adam en sy seun was Kain wat sy broer Abel doodgeslaan het.

## #Vraag 8:

Watter Pa in die Bybel het al sy kinders op een dag verloor? (Job 1:18-19)

**Antwoord:** Job

## #Vraag 9:

Wie se Pa was so bly om hom te sien dat hy die vetgemaakte klaf vir hom laat slag het? (Luk 15:23-24)

**Antwoord:** Die verlore Seun se Pa

## #Vraag 10:

Watter dogter het haar Pa se afgodsbeeldjies gesteel? (Gen 31:19)

**Antwoord:** Ragel

## #Vraag 11:

Watter Pa in die Bybel was so lief vir ons gewees dat Hy sy enigste seun vir ons laat sterf het? (Joh 3:16)

**Antwoord:** God die Vader

## #Vraag 12:

Waar leer ons dat ons ons Vader en Moeder moet eer? (Eks 20:12)

**Antwoord**: In die 10 Gebooie